



## Trust nie altyd beste vir kontantgeld

As jy nie boedelbelasting op kontant wil betaal nie, is daar 'n paar moontlikhede waarna jy kan kyk. 'n Uittree-annuïteit is 'n goeie keuse, maar wees versigtig vir 'n trust.

**H**oe kan jy keer dat Jan Taks sy kloue in jou spaargeld slaan met boedelbelasting die dag as jy sterf?

Dit is min of meer die strekking van 'n vraag wat ek onlangs van 'n leser gekry het. Hy het bates verkoop en sit met sowat R18 miljoen in kontant. En, sê hy, hy wil geen boedelbelasting betaal nie.

Die enigste "oplossing" wat aan hom voorgelê is, is 'n trust. "Sit die geld in 'n trust" en, sê hy, geen probleem met boedelbelasting nie? Nee, dis nie só maklik nie.

Ons kyk hoekom nie en na 'n moontlike oplossing – nie noodwendig die enigste of die beste een nie, want ek het nie al die lesers se inligting nie. Ons fokus op die boedelbelasting. Maar soos ek altyd sê, moenie toelaat dat die boedelbelastingstert die beplanningshond rondswaai nie. Dit is dus net 'n oorweging.

Wat ek wil voorstel, is dat jy die grootste gedeelte van die geld – dit wat jy nie in die volgende paar jaar gaan nodig kry nie – in 'n uittree-annuïteit belê.

Kom ons kyk net eers na 'n trust. Die eerste ding wat jy moet verstaan, is dat as jy die geld in 'n trust sit, dit nie meer jou geld is nie. Dit behoort dan aan die trust en al is jy 'n trustee, is daar 'n regsplig om voortaan die geld ten bate van 'n ander te bestuur. Jyself kan wel ook voordeel daaruit trek, maar sodra jy tot jou voordeel beheer daarvoor uitoefen, verbeur jy die beskerming wat 'n trust bied.

Een van die groot risiko's daarvan is wanneer die hele familie as trustees en begunstigdes aangewys word. Die kans is goed dat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens by jou dood die trustbates in jou boedel gaan intrek en dit vir boedelbelasting vatbaar maak. Só het jy niks bereik nie.

'n Ander, dalk ernstiger, probleem is hoe kry jy die geld in die trust? Hierdie ding van "sit dit in trust" is 'n totale oorvereenvoudiging van die proses. Jy "sit" nie sommer bates, enige bates, in 'n trust nie. In hierdie ge-

val sal die leser dit moet skenk. En gaan hy geskenkbelasting van 20% op die geld moet betaal. Op R18 miljoen is dit R3,6 miljoen (die R100 000 jaarlikse vrystelling buite rekening gelaat). Vir dieselfde staat vir wie jy dan glad nie belasting wil betaal nie?

Terloops, boedelbelasting, as jy jou en jou vrou se aftrekking (gesamentlik R7 miljoen) gebruik, is net R2,2 miljoen. Wie dink jy lag die laaste?

Net ook iets oor die ander "voordeel" van trusts, en dit is die verspreiding van inkomste onder meer as een begunstigde. Dis 'n oorvereenvoudigde, inkomstebelasting-gedrewe argument, wat nie mooi verstaan of verduidelik word nie en, belangriker nog, nie ander belastings in ag neem nie. As jy inkomste uit die trust aan 'n begunstigde, byvoorbeeld 'n kind, toedeel, behoort dit aan die kind, of dit nou uitbetaal of nie. En as die trust dit hou, is dit vatbaar vir skuldeisers – jy verloor effektief die beskerming.

### 'n Belegging in 'n uittree-annuïteit is meer teen krediteure beskerm as in 'n trust.

Deel jy dit nie toe nie, betaal die trust inkomstebelasting daarop teen 40%.

Kom ons kyk nou na 'n uittree-annuïteit. Geld wat in 'n uittree-annuïteit belê is, val buite jou boedel. Dit is nie vatbaar vir boedelbelasting nie. As ons dus die hele R18 miljoen in 'n uittree-annuïteit sou belê, raak ons onmiddellik ontslae van 'n boedelbelastingprobleem van R3,6 miljoen. Daar is ook geen geskenkbelasting met die oordrag na die uittree-annuïteit nie. Nie sleg nie, nê?

Maar wag, daar is meer. Geld wat jy in 'n uittree-annuïteit belê, is aftrekbaar vir inkomstebelasting, tans tot 15% van jou jaarlikse inkomste. En dit wat meer is as 15%, kan jy oordra en in opvolgende jare aftrek.

So, pleks van belasting betaal, kry jy 'n belastingtoegewing.

Die opbrengs op beleggings in 'n trust is belasbaar teen 'n vaste koers van 40% as dit in die trust behoue bly. Uit elke R100 wat jou belegging groei, bly net R60 oor ná belasting. Die opbrengs op 'n uittree-annuïteit is belastingvry. 'n Groei van R100 is 'n groei van R100. Vir jou.

Die belegging in 'n uittree-annuïteit is teen krediteure beskerm, meer so as in 'n trust, want niemand kan met argumente kom dat jy die bates tot jou voordeel bestuur het en nou val dit in jou boedel nie. In 'n uittree-annuïteit is dit juis tot jou voordeel, maar steeds nie vatbaar vir boedelbelasting nie. Skoon, netjies en eenvoudig.

By jou sterfte – soos gesê, alles is vrygestel van boedelbelasting – kan jou naasbestaandes die volle bedrag onttrek, waarop hulle belasting sal betaal, maar bepaalde belastingvoordele sal geniet. Of hulle kan, en dit is my verdere voorstel, 'n lewenslange maandelikse inkomste uit die belegging trek.

Dit bly deurentyd vir hulle beskerm teen, byvoorbeeld, skuldeisers. En as hulle sterf, gaan dit oor na hul naasbestaandes.

Ek stel voor jy gesels met 'n boedelbeplanningsspesialis vóór jy enigiets doen. Party mense het die trust-klok hoor lui, maar weet nie mooi waar die klepel hang nie.

*Nico van Gijsen is lid van Fisa en besturende direkteur van Finlac, 'n onafhanklike finansiële risiko-bestuursmaatskappy wat by die Finansiële Diensteraad gelisensieer is. Finlac is aan geen finansiële produkte verskaffer verbonde nie. Die raad wat hier gegee word, is van 'n algemene aard en moenie as toepaslik vir 'n spesifieke geval beskou word nie.*

**Navrae:** Mnr. Nico van Gijsen, tel. 021 461 2067 of faks 086 677 6314. E-pos: [nico@finlac.com](mailto:nico@finlac.com).